Volume 4, Uitgawe 2| Mei 2026

SLEGS R30

DIGITALE TYDSKRIF

Kaleidoskoop

Waar KUNS & KULTUUR Frakteer

TOM DREYER
en sy
Brief op Veertig-duisend Voet

SUIDOOSTERFEES 2026
Wenner van Skryfkompetisie!

SUID OOSTER FEES 2026

Die *FEES* om by te *WEES*

deur Helma Malan

Hierdie jaar was dit die 23ste Suidoosterfees en weereens die moeite werd. Al die produksies in en om die Kunstekaap was van 'n hoë gehalte en die wye organisasie puik - van die kuierplekke tot die venues. As Kaleidoskoop Tydskrif se verteenwoordige, was ek bevoorreg om 23 optredes by te woon en daar is altyd dié wat uitstaan, jou agtervolg en saam met jou bed toe gaan, net om weer af te speel in jou slaap.

Ek is nie Danie met Albert Pretorius & Schalk Joubert
Teks: Danie Marais
Regie: Nico Scheepers
Musiek: Schalk Joubert

Die teks is saamgestel uit Danie se 4 digbundels. Die verhoog is georganiseerde chaos van kabels en musiek-instrumente en Schalk vul die produksie ligvoets aan tussen verskillende instrumente en klank-effekte. Die warboel van bewegings is presies uitgewerk en Albert se toneelspel is puik. Dis glad nie 'n voorlesing van gedigte nie, maar 'n vertelling uit die skrywer se gedagtes wat probeer sin maak van die lewe tov die verlede en die toekoms. 75 minute vasgevang in hartseer, tragedie en wroeging. Rockteater - 'n wonderlike vermenging van woorde, beweging, musiek, klank, ritmes en beligting.

Die teaterresensent, Naudé van der Merwe skryf: 'Daar is en sal altyd 'n plek wees vir voorlesings van gedigte, alleen agter 'n mic .... maar as ek dit op hierdie manier kan ervaar, kies ek dit elke keer. Elke keer.'

Hoort met Stephanie Baartman
Teks: Stephanie Baartman & Johan Slabbert
Pianis: Janine Neethling
Regie: Elzabé Zietsman

In dié kabaret vul Stephanie die hele verhoog met haar vertelling oor die mengelmoes van haar lewe en die begeerte om in te pas. Sy is eerlik, snaaks, sonder pretensie en boonop nog mooi ook. Sy sing jazz, gospel en ghoema in verskillende tale. Hierdie spontane produksie maak jou bewus van ons land se ingewikkelde geskiedenis en laat jou bietjie oor jou eie lewe dink.

'Om in te pas is een ding, maar om te behoort, is iets heeltemal anders.'
As jy enigsens hierdie produksie kan bywoon, moet dit nie mis nie. Tussen lag en huil stap jy met 'n oop gemoed daar uit en begin dink of jy net inpas of werklik iewers behoort.

SUID OOSTER FEES 2026

Die *FEES* om by te *WEES*

deur Helma Malan

Eugene met Carlo Daniels, Lynette du Plessis & Kirby van der Merwe
Teks: Saartjie Botha na die roman van Kirby van der Merwe
Regie: Nico Scheepers

Eugene is op 'n lewensreis, te midde van liefde, haat, vertroue, verraad en vergifnis, op soek na menslikheid en integriteit. Dis 'n stuk vol aksie en soms hou jy jou asem op in afwagting vir die volgende emosie. Carlo is 'n uitstekende akteur wat sy hele lyf gebruik om gevoelens uit te druk. Lynette du Plessis, sy skaduwee, hanteer die rekwisiete wat bestaan uit 'n klomp staan mikrofone en soos die gebeure ontwikkel, verander sy elke keer die stel deur die mikrofone rond te skuif. Ek het dit baie interessant en oorspronklik gevind, alhoewel dit ander teatergangers gepla het.

Kirby van der Merwe is ook op die verhoog en skilder 'n abstrakte agtergrond met swart verf om by die ontwikkeling van gebeure aan te pas. Hierdie verhoogstuk is aangrypend en haal jou kort-kort uit jou gemaksone.

Huis van Sand met Tinarie van Wyk Loots, René Cloete, Kristen Raath & Jefferson J. Dirks-Korkee
Teks: Dianne du Toit Albertze
Regie: Wolf Britz

Sandy (Tinarie) en haar dogter, Babs (René) bly in 'n karavaan net buite Springbok. Hulle probeer weg kom van die verlede, maar die onthou haal hulle kort-kort in. Sandy is verslaaf aan Sahawi sigarette en goedkoop wyn en Rodney, die trok drywer, haar 'half Nama half Nomad', werk rof met haar. Die verhoog is 'n skrootwerf en skree armoede, geslagsgeweld en verslawing en die teks oorrompel jou telkens onverwags. Soms wil jy jou oë en ore toe druk en nie verder luister of kyk nie, maar jy kan nie die realiteit van dit alles ontvlug nie.

Die akteurs vertolk hulle rolle uitstekend en jy moet konsentreer wanneer daar rolverruiling plaasvind. Hierdie stuk sny na aan die been en met die uitstap, besef jy iewers, êrens het jy sulke mense geken.

SUID OOSTER FEES 2026

Die *FEES* om by te *WEES*

deur Helma Malan

Magnifico met Magdalene Minnaar, Sima Mashazi &Timothy Moloi
Orkes: Chanie van der Merwe (klavier), Henry Steel (kitaar), Schalk Joubert (baskitaar), & Schalk Wassenaar (perkussie en tromme)

Dis altyd lekker om uit die ernstige teater te stap en te gaan ontspan in 'n musikale atmosfeer. Hierdie groep musikante is 'n kombinasie van uitnemende stemme, virtuose musici en elegante musiek stories. Die sopraan, Magdalene Minnaar, van Kaapstad, sanger, Sima Mashazi, van Stellenbosch en sanger, Timothy Moloi, van Johannesburg, se stemme komplimenteer mekaar. Die orkesbegeleiding beweeg moeiteloos tussen klassieke gunstelinge en tydlose meesterstukke. Die balans tussen klassiek en ligte musiek lê gemaklik op die oor. Beslis musiek waarna ek in die toekoms weer sal wil luister.

Dit was beslis 'n fees! Ons sien baie uit na Suidoosterfees 2027.